




LÊHENNE



KONTAK ONS

 www.epol.co.za

 info@epol.co.za

VOLG ONS   



ALLES OOR EPOL LÊHENVOERE

Ons fokus is om voer te formuleer wat die mees winsgewende resultaat lewer. Ons het die ideale aminosuur-samestelling ontwikkel met die korrekte proteïen-tot-energie-balans om sodoende die koste-effektiwiteit van ons rantsoene te optimaliseer.

ONS FOKUS

- Nutrient gebalanseerde voere
- Korrekte liggaamsontwikkeling vir alle fases
- Teiken liggaamsgewig vir ouderdom
- Trop eenvormigheid
- Voldoende veergroei
- Optimale lêhen produksie (voer-tot-eieromset)
- Optimale eiergewig

GROOTMAAK FASE

Die voer en bestuur van vervangingshenne gedurende die groeitydperk het 'n groot impak op eierproduksie en eiergewig gedurende die lê fase. Foute wat gemaak word gedurende die grootmaak fase kan lei tot swak produksie tydens die lê fase, wat nie in die lê fases reggestel kan word nie. Om te verseker dat liggaamsgewigteikens en tropeenvormigheid bereik word, is dit van kardinale belang dat diëte op die regte stadiums oorgeskakel word. Vervangingshenne wat op die regte tyd die teiken liggaamsgewig bereik word op die ou einde die beste produserende lêhenne.

VOERWENKE

- Plaas klein hoeveelhede voer op papier vir die eerste 2 tot 3 dae indien vervangingshenne op die vloer grootgemaak word.
- Verwyder die papier geleidelik soos die kuikens gewoon raak aan die voerders.
- Maak seker daar is altyd genoeg vars, koel water beskikbaar.



GROOTMAAK VOEDINGSRIGLYNE

REEKS	KENMERKE		VOER-TYDPERK
Sure-Lay Starter V668	Voer met hoë proteïen en energievlakke om orgaan- en skeletontwikkeling te verseker vir die toekomstige lêhen.	Hoë energie-, proteïen-, vitamien- en mineralevlakke verseker optimale groei in die eerste fase van die hen se lewe.	Voer ad lib vanaf 0 – 6 weke.
Sure-Lay Grower V667		Effens laer proteïenvlakke met soortgelyke mineraal balans in vergelyking tot die aanvangsdiëet.	Voer ad lib vanaf 6 – 15 weke.
Sure-Lay Developer V30891	Verseker die neerlegging van maer spierweefsel en liggaamsvetreserwes vir vroeë produksie. Die effense hoër kalsiumvlakke in die rantsoen verhoog die intramedullêre been neerlegging en berei die vervangingshen voor vir eierproduksie. Die intramedullêre been dien as reservoir vir kalsium waarvandaan die volwasse hen vinnig kalsium kan onttrek vir eierdop vorming.		Voer ad lib vanaf 15 – 18 weke.

Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.

LÊ FASE

Epol lêvoere is spesifiek ontwikkel om konstante nutrient inname te onderhou en die effektiwiteit van die hen te optimaliseer vir eierproduksie. Soos die trop ouer word verander hul nutrient vereistes en dus is dit goed om fase voeding te beoefen tydens die lêsiklus. Dit is belangrik om te noem dat voer inname afhang van temperatuur, ras, humiditeit, energievlak en aminosuur profiel van die voer.

VOERWENKE

- Fase voeding word aanbeveel gedurende die lêsiklus om voerkoste te verminder.
- Lêvoer moet ad lib gevoer word vanaf 18 weke ouderdom of vanaf henne oorgeskuif word na die lêhokke toe voor die eerste eiers gelê word.
- Maak seker daar is altyd genoeg vars, koel water beskikbaar.

VOER RIGLYNE

REEKS	GESKIK VIR	FASE	WET 36/1947 REG. NR.	VOER-TYDPERK	INTAKE
Sure-Lay	Gebruik op plase waar die doelwit is om optimale eiergewig en produksie te bereik (voer tot uitdunning).	Fase I	V16496	18 – 35 weke	105 – 110 g/dag
		Fase II	V16498	35 – 50 weke	110 – 115 g/dag
		Fase III	V16492	50 tot uitdunning	115 – 120 g/dag



KONTAKBESONDERHEDE

MEULE:

Berlin (043) 685 2111
Pietermaritzburg (033) 387 2460
Pretoria-Wes (012) 386 0469
Rustenburg (087) 365 0581
Vaalwater (087) 820 4580
Worcester (087) 365 6360

VEEVOERDEPOT:

Estcourt (036) 352 3141
Pietermaritzburg (033) 397 1227

Kliëntediens: 086 177 7177
WhatsApp: 087 359 0476

